# HOOFSTUK 5

# 'n VERGELYKING TUSSEN *DANSRAPSODIE – 'n AFRIKA-STAD* EN *FANFARE FESTIVAL OVERTURE*

## 5.1 Inleiding

Daar is twee ooglopende ooreenkomste tussen Stefans Grové se *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* en Jeanne Zaidel-Rudolph se *Fanfare Festival Overture*: albei werke is orkeswerke en val dus in dieselfde genre; en albei beeld Suid-Afrikaanse stede uit. *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* is 'n voorstelling van Pretoria, terwyl *Fanfare Festival Overture* Johannesburg uitbeeld. In hierdie hoofstuk sal die ooreenkomste en verskille ten opsigte van die aanwesigheid van Afrika-etniese elemente tussen die twee betrokke werke bespreek word.

Die volgende oorheersende Afrika-etniese elemente is waarneembaar in albei werke: die roep-en-antwoord-idee, die permutasie-tegniek, twyfelagtige tonaliteite, die gebruik van 'n melodiese mineur terts, ostinaatpatrone en die gebruik van instrumente met 'n Afrika-etniese oorsprong. Verder is terugkerende ritmiese motiewe ook in albei werke aanwesig.

## 5.2 Struktuur

*Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* (Grové) en *Fanfare Festival Overture* (Zaidel-Rudolph) is albei deurgekomponeerde werke wat op grond van tempo-veranderinge in afsonderlike seksies verdeel kan word. Eersgenoemde werk bestaan uit vyf seksies, terwyl laasgenoemde uit sewe seksies bestaan. *Fanfare Festival Overture* verskil van *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* deurdat dit duidelik in 'n Westerse deel en 'n Afrika-deel verdeel word (sien die volgende twee tabelle ter illustrasie):

*Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* (Grové)

| Seksie | Tempo-aanduiding | Maat |
|---|---|---|
| A Seksie 1 | *Desolato e misterioso* | 1-28 |
| B Seksie 2 | *Vivace* | 29-166 |
| C Seksie 3 | *Molto energico* | 167-186 |
| $C_2$ Seksie 4 | *Con moto* | 187-197 |
| $A_2$ Seksie 5 | *Tempo 1* | 198-205 |

Tabel 5.1: *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* se vyf seksies

*Fanfare Festival Overture* (Zaidel-Rudolph)

Westerse deel

| Seksie | Tempo-aanduiding | Maat |
|---|---|---|
| A Seksie 1 | *Andante con moto* | 1-16 |
| B Seksie 2 | *Meno mosso* | 16-30 |
| C Seksie 3 | ♩ = ♩ = 92 | 30-38 |
| D Seksie 4 | *Piú mosso* | 38-61 |
| E Seksie 5 | *Poco meno mosso* | 61-117 |

Afrika-deel

| Seksie | Tempo-aanduiding | Maat |
|---|---|---|
| F Seksie 6 | *Energico* | 117-140 |
| G Seksie 7 | *"Hypnotic"* | 140-160 |

Tabel 5.2: *Fanfare Festival Overture* se sewe seksies

In Hoofstuk 3 en 4 is reeds genoem dat sekere elemente van Afrika-etniese musiek se struktuur in die twee betrokke werke aangewend word. Die roep-en-antwoord-beginsel en herhalende melodieë wat tydens elke herhaling effens gewysig word (permutasie) is Afrika-etniese elemente wat deur die twee komponiste in hierdie komposisies gebruik word. Grové implementeer egter die roep-en-antwoord-beginsel en permutasie meer opvallend as Zaidel-Rudolph en wel om die volgende redes:

In Seksie 2 (*Vivace*) van Grové se *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* tree die roep-en-antwoord-idee gereeld na vore en dit verskyn ook in Seksie 3 (*Molto energico*). Die volledige Seksie 4 (*Con moto*) is op die roep-en-antwoord-beginsel gebaseer. Zaidel-Rudolph gebruik egter in *Fanfare Festival Overture* die responsoriale idee slegs enkele kere in Seksie 2 (*Meno mosso*) en daarna een keer kortliks in Seksie 5 (*Poco meno mosso*).

Ook die permutasie-tegniek is meer opvallend in Grové se *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* as in Zaidel-Rudolph se *Fanfare Festival Overture*. In *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* se Seksie 2 (*Vivace*) begin 'n vyf-maat-melodie in maat 129 (sien voorbeeld 5.1 ter illustrasie) en hierdie melodie word drie keer herhaal (die derde keer is dit tot 'n twee-maat-melodie verkort).

Voorbeeld 5.1: Stefans Grové, *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad*, maat 126-133




Daarteenoor tree daar in maat 130 (in die Afrika-deel) van Zaidel-Rudolph se *Fanfare Festival Overture* slegs 'n kort een-maat-melodie in wat twee maal gewysig herhaal word. Hierdie melodie (oorspronklike melodie voor permutasies) kan in voorbeeld 5.2 waargeneem word.

Voorbeeld 5.2: Jeanne Zaidel-Rudolph, *Fanfare Festival Overture*, maat 130



Wat die struktuur van hierdie twee werke betref, het Zaidel-Rudolph dus haar komposisie (*Fanfare Festival Overture*) in 'n duidelik onderskeibare Westerse deel en Afrika-deel verdeel. Daarenteen is Grové se *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad*, ten opsigte van struktuur, 'n geheel waarin hy elemente van Afrika-etniese musiek se struktuur, soos die roep-en-antwoord-beginsel en permutasie-tegniek, opvallend aanwend. Daar word in *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* nie tussen 'n Westerse deel en 'n Afrika-deel onderskei nie.

## 5.3 Melodie

Grové gebruik verskeie Afrika-etniese melodiese elemente in *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad*. Dit sluit in die Afrika-motief wat dubbelsinnigheid van tonaliteit daarstel en 'n mineur-terts-interval bevat (wat die mees primitiewe roep onder mense verteenwoordig); melodieë met 'n dalende kontoer waarin dalende rein kwarte voorkom; die gebruik van melodiese rein kwinte; ostinaatmelodieë; en 'n tipiese Afrika-etniese melodie wat op 'n heksatoniese toonleer gebaseer is.

Zaidel-Rudolph wend die volgende Afrika-etniese elemente in *Fanfare Festival Overture* aan: die gebruik van die rein kwart en rein kwint as melodiese intervalle; die *centenary*-motief wat 'n dubbelsinnige tonaliteit bewerkstellig en waarin 'n mineur-terts-interval voorkom; ostinaatmelodieë; en melodieë wat hipnoties en herhalend van aard is.

Dit is opvallend dat albei komponiste 'n sentrale motief gebruik wat 'n tweeledige doel het: die gevoel van 'n dubbelsinnige tonaliteit word verhoog en die mineur terts speel 'n prominente rol. In die geval van Grové se *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* kom die dalende mineur terts in die oorspronklike Afrika-motief voor (sien voorbeeld 5.3).

Voorbeeld 5.3: Stefans Grové, *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad*, Afrika-motief

In Zaidel-Rudolph se *Fanfare Festival Overture* is dit die *centenary*-motief waarin 'n interval van 'n mineur terts en 'n dubbelsinnige tonaliteit voorkom (sien voorbeeld 5.4).

Voorbeeld 5.4: Jeanne Zaidel-Rudolph, *Fanfare Festival Overture*, *centenary*-motief




Grové en Zaidel-Rudolph se aanwending van Afrika-etniese melodiese elemente in hierdie komposisies verskil ten opsigte van die volgende:

In Grové se *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* kom Afrika-etniese elemente vanaf die begin van die werk gereeld voor. Grové gebruik reeds in die eerste seksie (*Desolato e misterioso*) melodieë wat 'n dalende kontoer het en waarin die dalende rein kwart voorkom en as gevolg van die Afrika-motief is 'n dubbelsinnige tonaliteit aanwesig. Die aanwending van Afrika-etniese elemente word deurgaans tot aan die einde van die werk volgehou.

Die enigste Afrika-etniese elemente wat in die Westerse deel (die eerste vyf seksies) van Zaidel-Rudolph se *Fanfare Festival Overture* voorkom, is die twyfelagtige tonaliteit wat deur die *centenary*-motief en vierstemmige intredes van die fanfare-motief geskep word. Daar kom geen ander opvallende Afrika-etniese elemente in die melodiese inhoud van hierdie deel voor nie. Eers in die Afrika-deel van die werk (die laaste twee seksies) oorheers die ostinaatmelodieë en kom daar 'n hipnotiese, herhalende melodie voor.

Daar kan dus gesê word dat *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* (Grové) 'n "Afrika"-komposisie in sy geheel is, want die melodiese inhoud is hoofsaaklik op die Afrika-motief of ander Afrika-etniese elemente gebaseer. *Fanfare Festival Overture* (Zaidel-Rudolph) se eerste deel is 'n Westerse deel waarin daar onder andere Neo-Impressionistiese elemente voorkom (soos in Hoofstuk 4 bespreek). Die Afrika-

etniese elemente wat in die Westerse deel teenwoordig is, word aangewend om die Westerse deel met die Afrika-deel te verbind. Eers in die laaste twee seksies word *Fanfare Festival Overture* 'n volwaardige "Afrika"-komposisie, want die melodiese inhoud is byna uitsluitlik op ostinaatpatrone gebaseer, of die melodieë is hipnoties en herhalend van aard.

## 5.4 Ritme

Grové gebruik nie opvallende Afrika-etniese elemente ten opsigte van die ritme in *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* nie, maar wel ritmiese motiewe om die komposisie as 'n geheel saam te bind. Ritmiese elemente wat Afrika-etniese ooreenkomste toon (sien 3.4 Ritme) is ostinaatpatrone, wysigings in die ritme wanneer 'n melodie herhaal word en die ritme in maat 45-47 wat aan die sterk, stamperige effek van 'n inheemse dans herinner. Voorbeeld 5.5 illustreer hierdie ritme.

Voorbeeld 5.5: Stefans Grové, *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* – stamperige ritmiese effek, maat 44-47




Zaidel-Rudolph se aanwending van Afrika-etniese ritmiese elemente in *Fanfare Festival Overture* sluit in: 'n ritmiese patroon met 'n hemiool-effek en sinkopes in maat 26-27 (voorbeeld 5.6); die 12/8-metrum in die Afrika-deel van die werk, ritmiese ostinaatpatrone en poliritmiek wat in maat 117 begin (sien voorbeeld 5.7 ter illustrasie).

Voorbeeld 5.6: Jeanne Zaidel-Rudolph, *Fanfare Festival Overture* – hemiool-agtige ritme en sinkopes, maat 26-27




Voorbeeld 5.7: Jeanne Zaidel-Rudolph, *Fanfare Festival Overture* – 12/8-metrum, poliritmiek en ostinaatpatrone, maat 117-118



Volgens die skrywer verteenwoordig die Afrika-deel van Zaidel-Rudolph se *Fanfare Festival Overture* 'n hoogtepunt ten opsigte van die integrasie van Afrika-etniese elemente en Westerse musiek. Die poliritmiek (as gevolg van die verskillende ritmiese patrone in die verskillende instrumentpartye) en ostinaatpatrone herinner sterk aan die ensemble-musiek wat inheemse Afrika-stamme in groepsverband uitvoer. In Grové se *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* is hierdie uitgebreide poliritmiek afwesig.

Zaidel-Rudolph gebruik ritmiese elemente uit Afrika-etniese musiek dus op 'n heelwat groter skaal as Grové en dit is opvallend dat die ritmiese elemente wat sy gebruik 'n groot rol speel om Seksies 5 en 6 van *Fanfare Festival Overture* as die werk se Afrika-deel te karakteriseer.

## 5.5 Instrumentasie

Albei komponiste maak in die orkestrasie van hul werke van 'n Westerse- sowel as 'n inheemse klank gebruik. Die orkestrasie van Zaidel-Rudolph se *Fanfare Festival Overture* is groter as wat Grové vir *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* gebruik, hoofsaaklik vanweë 'n meer uitgebreide koperblaas- en perkussie-afdeling. Vervolgens sal die skrywer die perkussie-, koperblaas- en houtblaasafdelings bespreek. Die skrywer sal in elk van hierdie instrumentgroepe se bespreking eers na die gebruik van die instrumente in die algemeen verwys en daarna, indien van toepassing, sal daar na die aanwending van Afrika-etniese elemente in die spesifieke instrumentgroep verwys word.

Wat perkussie-instrumente betref, gebruik Zaidel-Rudolph oor die algemeen meer perkussie-instrumente in *Fanfare Festival Overture* as wat Grové in *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* gebruik. Die perkussie-instrumente wat Grové in sy komposisie gebruik is die aambeeld, bastrom, bongo-tromme, vingersimbale, glockenspiel, ghong, guiro, marakkas, marimba, snaartrom, tamboeryn, tenoortrom, driehoek, vibrafoon en houtblok. Zaidel-Rudolph gebruik in haar komposisie al bogenoemde instrumente (behalwe die aambeeld, glockenspiel, guiro en marakkas), plus die volgende: ritmestokkies, twee hangsimbale, twee tenoortromme in plaas van een, sewe roto-toms, 'n xilofoon, drie tom-toms, 'n stel van vyf tempelblokke, 'n kontinentale tweekantige houtblok, 'n sweep, 'n jazz-tromstel, 'n stel simbale, buisklokke met 'n twee-oktaaf-omvang, 'n koeiklok en 'n cabasa.

Grové gebruik slegs twee perkussie-instrumente met 'n Afrika-etniese oorsprong in *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad*: die bongo-tromme en die marimba. Zaidel-Rudolph gebruik in *Fanfare Festival Overture* meer perkussie-instrumente wat 'n Afrika-oorsprong het: die roto-toms, tom-toms, bongo-tromme, koeiklok, cabasa en Afrika-marimba. Dit is opvallend dat die gebruik van die bongo-tromme en marimba as Afrika-instrumente in albei komposisies voorkom.

*Fanfare Festival Overture* se koperblaasafdeling verskil in die volgende opsigte van *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* s'n: ses Franse horings word gebruik (teenoor vier in *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad*) en die bas-skuiftrompet en tuba is ekstra. Daar word dus meer koperblaasinstrumente in *Fanfare Festival Overture* gebruik as in *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad*.

Die houtblaasafdeling van die twee werke stem oor die algemeen ooreen. Die enigste verskille tussen die houtblaasafdelings is dat Grové drie fagotte in *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* gebruik teenoor Zaidel-Rudolph se twee fagotte in *Fanfare Festival Overture*. Die altsaxofoon wat in die eerste seksie van *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* voorkom, word nie in *Fanfare Festival Overture* gebruik nie. Grové wend die piccolo aan om 'n Afrika-klankkleur in 'n tipiese Afrika-melodie te bewerkstellig (sien voorbeeld 5.8). Zaidel-Rudolph gebruik die piccolo sowel as die fluit vir hierdie doel, soos wat in voorbeeld 5.9 waargeneem kan word.

Voorbeeld 5.8: Stefans Grové, *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* – piccolo word gebruik om Afrika-etniese klankkleur te bewerkstellig, maat 126-133



Voorbeeld 5.9: Jeanne Zaidel-Rudolph, *Fanfare Festival Overture* – piccolo en fluit word gebruik om Afrika-etniese klankkleur te bewerkstellig, maat 138-140




Nog 'n interessante waarneming in verband met die wyse waarop die twee komponiste melodiese en ritmiese materiaal aan instrumente toeken, is dat beide Grové en Zaidel-Rudolph verkies om sekere voorwaardes toe te pas. Dit blyk dat Grové in *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* belangrike melodiese en ritmiese materiaal hoofsaaklik aan die blaasinstrumente (hout- sowel as koperblasers) toeken. Daarenteen gebruik Zaidel-Rudolph in *Fanfare Festival Overture* strykinstrumente om onderskeid te tref tussen temas/motiewe wat Afrika-etniese elemente bevat en temas/motiewe wat nie Afrika-etniese elemente bevat nie: melodiese inhoud wat op die (Neo-Impressionistiese) heeltoontema gebaseer is, word deur 'n verskeidenheid

stryk- en blaasinstrumente gespeel, terwyl die motiewe wat Afrika-etniese elemente bevat (die fanfare- en *centenary*-motief) slegs deur blaasinstrumente gespeel word.

Samevatting

Daar is verskille en ooreenkomste tussen die instrumentasie van Grové se *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* en Zaidel-Rudolph se *Fanfare Festival Overture*. Een verskil tussen die twee werke is dat Zaidel-Rudolph heelwat meer instrumente met 'n Afrika-etniese oorsprong gebruik as Grové: daar kom slegs twee perkussie-instrumente met 'n Afrika-etniese oorsprong in *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* voor (bongo-tromme en marimba), teenoor die ses Afrika-etniese perkussie-instrumente in *Fanfare Festival Overture* (roto-toms, tom-toms, cabasa, bongo-tromme, koeiklok en Afrika-marimba).

Grové en Zaidel-Rudolph gebruik egter albei die fluit en piccolo om aan 'n sekere melodie 'n Afrika-etniese klankkleur te gee.

Uit hierdie hoofstuk kan afgelei word dat Grové en Zaidel-Rudolph die aanwending van Afrika-etniese elemente in Westerse musiek op verskillende maniere benader. Wat struktuur betref, wend Grové Afrika-etniese struktuurelemente meer opvallend as Zaidel-Rudolph aan. Grové gebruik egter nie veel Afrika-etniese elemente in die ritmiese inhoud van sy komposisie nie, terwyl die 12/8-metrum, ostinaatpatrone en poliritmiek in die Afrika-deel van Zaidel-Rudolph se komposisie onmiddellik Afrika-etniese assosiasies bewerkstellig. Sy gebruik ook meer perkussie-instrumente met 'n Afrika-etniese oorsprong as Grové. Die sterk ooreenkoms tussen *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* en *Fanfare Festival Overture* is ten opsigte van die melodie: albei komponiste gebruik 'n motief wat 'n mineur-terts-interval bevat en vir die grootste deel van die werk 'n dubbelsinnige tonaliteit bewerkstellig.

# HOOFSTUK 6

# SLOT: GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## 6.1 Antwoorde op die navorsingsvrae

Grové se *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* en Zaidel-Rudolph se *Fanfare Festival Overture* is ontleed om sodoende die hoof-navorsingsvraag te beantwoord:

- Hoe word Afrika-etniese elemente in die werke *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* (Grové) en *Fanfare Festival Overture* (Zaidel-Rudolph) gebruik?

Die sub-navorsingsvrae was die volgende:

- Hoe word Afrika-etniese elemente in elk van die volgende aspekte gebruik: struktuur, melodie, ritme en instrumentasie?
- Wat is die ooreenkomste of verskille tussen hierdie twee werke ten opsigte van die gebruik van etniese elemente?

Die antwoord op die hoof-navorsingsvraag is dat albei komponiste Afrika-etniese elemente op só 'n manier aanwend dat dit uiters toeganklik vir 'n Westerse orkes en klassiek-opgeleide musici is. Veral Grové se *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* klink regdeur soos 'n Westerse komposisie, al kom daar verskeie Afrika-etniese elemente voor. In Zaidel-Rudolph se *Fanfare Festival Overture* klink die deel wat as die Westerse deel bekend staan na 'n tipiese Westerse komposisie. Alhoewel die deel wat as die Afrika-deel bekend staan as gevolg van Afrika-etniese perkussie-instrumente 'n Afrika-klankkleur het, word die Westerse orkesbesetting steeds in ag geneem en net een Afrika-marimba word gebruik, sodat die volume nie oorweldigend teenoor die Westerse orkes sou wees nie.

Die antwoord op die eerste sub-navorsingsvraag is dat Grové en Zaidel-Rudolph verskeie Afrika-etniese elemente in die komposisies se struktuur, melodie, ritme en instrumentasie aanwend, soos wat vervolgens bespreek sal word.

**Struktuur**

Twee oorheersende Afrika-etniese elemente speel 'n belangrike rol in die musiekstruktuur van Grové se *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad*. Die eerste Afrika-etniese element is die roep-en-antwoord-idee wat in drie van die vyf seksies (Seksies 2, 3 en 4) opvallend gebruik word – die totale *Con moto*-seksie (Seksie 4) is op hierdie idee gebaseer. Die tweede Afrika-etniese element is die permutasie-tegniek wat oor 'n groot gedeelte van Seksie 2 (*Vivace*) strek. Die melodie wat in maat 129 begin, word tot en met maat 161 op verskillende wyses gepermuteer.

In Zaidel-Rudolph se *Fanfare Festival Overture* is die roep-en-antwoord-konsep en gewysigde herhalings van 'n melodie die Afrika-etniese elemente (ten opsigte van struktuur) wat opvallend voorkom. Eersgenoemde element kom in Seksie 2 en Seksie 5 voor en die permutasies van 'n oorspronklike melodie kan in Seksie 6 waargeneem word. Alhoewel Zaidel-Rudolph die roep-en-antwoord-idee minder gereeld aanwend as wat Grové dit in *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* doen, is haar aanwending daarvan steeds effektief en opvallend.

Wat die struktuur van Grové se *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* en Zaidel-Rudolph se *Fanfare Festival Overture* betref, word die permutasietegniek en die roep-en-antwoord-wisselwerking tussen groepe instrumente dus in albei komposisies aangewend.

**Melodie**

Ten opsigte van melodiese inhoud is die opvallendste Afrika-etniese element wat Grové in *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* aanwend die deurlopende gebruik en melodiese ontwikkeling van die Afrika-motief. Die Afrika-motief en sy ontwikkelings kom in elk van die werk se vyf seksies voor. Behalwe dat dit 'n dubbelsinnige tonaliteit tot stand bring, verseker dit ook dat 'n melodiese lyn wat op intervalle van die pentatoniese toonleer gebaseer is, die werk oorheers. Afrika-etniese elemente wat in Seksie 1 se melodiese inhoud voorkom is hoofsaaklik die pentatoniese toonleer se intervalle en dubbelsinnige tonaliteit wat as gevolg van die gebruik van die Afrika-motief ontstaan.

In Seksie 2 van *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* is die herhalende melodie wat elke paar mate intree 'n Afrika-etniese element omdat dit op 'n heksatoniese toonleer gebaseer is. Daar kom ook ander Afrika-etniese elemente in die heksatoniese

melodie voor, byvoorbeeld 'n dalende kontoer en dalende rein kwarte. Wanneer hierdie heksatoniese melodie intree, ken Grové gewoonlik 'n ostinaatpatroon aan een of twee ander instrumente toe en die res van die instrumente speel begeleidingspatrone wat op kenmerkende Afrika-etniese melodiese intervalle gebaseer is. Met elke intrede van die heksatoniese melodie kombineer Grové dus verkeie Afrika-etniese elemente en soms is die totale melodiese inhoud op Afrika-etniese elemente gebaseer. Daarom verteenwoordig hierdie intredes 'n hoogtepunt in Grové se implementering van Afrika-etniese elemente in *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* se melodiese inhoud.

Verder kom ostinaatpatrone wat uit die Afrika-motief ontwikkel is gereeld in Seksie 2 voor en nie net saam met die heksatoniese melodie se intredes nie.

In Seksie 3, net soos in Seksie 2, kombineer Grové sekere Afrika-etniese elemente in die melodiese lyne, byvoorbeeld 'n dubbelsinnige tonaliteit, 'n dalende kontoer en die gebruik van die dalende rein kwart. Die rein kwint (stygend sowel as dalend) begin ook in Seksie 3 se begleidingspatrone na vore tree. Grové gebruik Afrika-etniese elemente dus gelyktydig in melodieë en begeleiding.

Seksie 4 se melodiese inhoud is gebaseer op al die melodiese intervalle wat kenmerkend van Afrika-etniese musiek se melodieë is, naamlik die mineur sekunde, majeur sekunde, mineur terts, rein kwart en rein kwint. Hierdie melodiese intervalle kan soms gelyktydig in verskillende instrumente se partye aangetref word.

Ontwikkelings van die Afrika-motief kom weer in Seksie 5 se melodielyne voor en bewerkstellig dus weereens intervalle uit die pentatoniese toonleer en 'n dubbelsinnige tonaliteit. Daar is in Seksie 5 ook dalende rein kwarte in die melodielyne teenwoordig en verder kom nog 'n Afrika-etniese element, naamlik ostinaatpatrone, is sommige instrumente se partye voor.

Grové wend talle Afrika-etniese melodiese elemente aan en hy slaag daarin om verskeie Afrika-etniese elemente suksesvol te kombineer.

Daar kom 'n verskeidenheid Afrika-etniese elemente in *Fanfare Festival Overture* (Zaidel-Rudolph) se melodiese inhoud voor. Die Afrika-etniese elemente wat in die Westerse deel (Seksies 1-5) van die werk voorkom, is hoofsaaklik die twyfelagtige tonaliteit, asook die mineur-terts-interval van die *centenary*-motief. Zaidel-Rudolph

beskou die mineur-terts-interval as 'n Afrika-idee, omdat dit die mees primitiewe roep onder mense is.

Alhoewel die melodiese inhoud van *Fanfare Festival Overture* se Seksie 1 hoofsaaklik op die Neo-Impressionistiese heeltoontema gebaseer is, kom daar *glissandi* binne die omvang van 'n rein kwart of rein kwint voor. Hierdie *glissandi* word as 'n Afrika-etniese element in die werk se melodiese inhoud beskou, want rein kwarte en rein kwinte is die mees natuurlike melodiese intervalle in Afrika-etniese musiek.

In Seksie 2 kom die fanfare-motief en die *centenary*-motief voor. Die *centenary*-motief bewerkstellig Afrika-etniese elemente soos die mineur terts en 'n dubbelsinnige tonaliteit. Wanneer die fanfare-motief vierstemmig intree, stel dié motief ook 'n dubbelsinnige tonaliteit daar.

Die enigste Afrika-etniese element wat in Seksie 3 se melodiese inhoud voorkom, is 'n dubbelsinnige tonaliteit wat as gevolg van die melodiese intervalle se spesifieke volgorde ontstaan.

Seksie 4 se melodiese inhoud is grootliks op die Neo-Impressionistiese heeltoontema gebaseer, maar daar kom wel intredes van die *centenary*-motief voor wat verseker dat die mineur terts en dubbelsinnige tonaliteit steeds aanwesig is. Hierdie elemente kom ook opvallend in *Fanfare Festival Overture* se Seksie 5 voor, waar die *centenary*-motief oorheers.

In die Afrika-deel van die werk (Seksies 6-7) verskaf die talle ostinaatpatrone 'n onmiskenbare Afrika-etniese kleur. Die dubbelsinnige tonaliteit wat tot aan die einde volgehou word en die herhalende melodie wat in hierdie deel voorkom, dra verder by tot die oorheersende Afrika-gevoel van die laaste twee seksies.

In Seksie 6 tree die Afrika-etniese element baie sterk na vore deur middel van ostinaatpatrone en 'n hipnotiese, herhalende melodie. Verwysings na die heeltoontema en fanfare- en *centenary*-motief verbind *Fanfare Festival Overture* se Afrika-deel met die Westerse deel.

Seksie 7 word deur 'n verskeidenheid ostinaatpatrone gekenmerk en word met die werk se Westerse deel deur middel van die *centenary*-motief verbind.

Die volgende Afrika-etniese elemente kom dus in die melodiese inhoud van albei werke voor: die mineur terts (hierdie interval kom in die pentatoniese toonleer voor en verteenwoordig die mees primitiewe roep van die mens); melodiese motiewe wat 'n twyfelagtige tonaliteit daarstel (die Afrika-motief in *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* en die *centenary*-motief in *Fanfare Festival Overture*); 'n melodie wat met elke herhaling effens gewysig word; en ostinaatpatrone.

**Ritme**

Grové gebruik nie opvallende Afrika-etniese elemente in die ritmiese aspek van *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* nie, maar hy gebruik egter ses terugkerende ritmiese motiewe om eenheid in *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* te bewerkstellig. In Seksie 1 word motief 1 en motief 2 gebruik. Motief 1 word op verskeie maniere gewysig en kom hoofsaaklik saam met motief 2 (in 'n ander instrumentparty) voor.

Seksie 2 word aanvanklik deur motief 3 oorheers – die motief word in sy oorspronklike vorm en in gewysigde vorme geïmplementeer. Motief 4 se eerste intrede kom op ongeveer dieselfde plek as motief 3 se laaste intrede voor en daarna tree motief 4, motief 5 en motief 6 herhaaldelik in. Motief 4 en motief 5 word nooit gewysig nie; motief 6 word soms, deur middel van ritmiese vergroting, gewysig.

In Seksie 3 word motief 5 en motief 6 (in hul oorspronklike vorme) as terugkerende motiewe gebruik en in Seksie 4 word slegs motief 5 (weereens in sy oorspronklike vorm) vir dié doel gebruik.

In *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* se slotgedeelte word dieselfde ritmiese motiewe gebruik wat in die werk se eerste seksie gebruik is, naamlik motief 1 en motief 2. Veral motief 1 se a-gedeelte kom dikwels voor en verskyn (in 'n ander instrumentparty) saam met motief 2.

Die enkele ritmiese aspekte in hierdie komposisie wat wel aan Afrika-etniese musiek herinner en wat geen verband met die ses ritmiese motiewe hou nie, kom in Seksie 2 voor. Dit sluit in die stamperige, ritmiese effek in maat 45-47, ostinaatpatrone en ritmiese wysigings in die herhaling van 'n melodie.

In Zaidel-Rudolph se *Fanfare Festival Overture* is daar wel opvallende Afrika-etniese elemente ten opsigte van die ritme aanwesig. Die Westerse deel (Seksies 1-5) word gekenmerk deur vier motiewe wat eenheid bewerkstellig. Alhoewel hierdie deel minder Afrika-etniese elemente as die Afrika-deel bevat, kom die volgende ritmiese elemente van Afrika-etniese musiek in die Westerse deel voor: gesinkopeerde ritmes en hemiole tussen verskillende instrumentpartye.

Seksie 1 is die openingseksie van die Westerse deel en toon geen aanwending van Afrika-etniese elemente nie. Motief 1 is die ritmiese motief wat hierdie seksie oorheers.

Die fanfare-motief (motief 2) en *centenary*-motief (motief 3) tree in Seksie 2 in en die ritmiese inhoud word hoofsaaklik op hierdie twee motiewe gebaseer. 'n Verwysing na ritmiese elemente van Afrika-etniese musiek is die hemiool-agtige ritme en sinkopes wat in twee mate voorkom.

Seksie 3 se totale ritmiese inhoud kan as 'n verwysing na Afrika-etniese ritmes beskou word omdat die ritme deur die hele seksie gesinkopeerd is.

In Seksie 4 kom geen spesifieke verwysing na Afrika-etniese ritmiese elemente voor nie. Deur middel van die *centenary*-motief (motief 3) en motief 4 skakel Seksie 4 by die geheel van *Fanfare Festival Overture* in.

Die *centenary*-motief oorheers Seksie 5 en die fanfare-motief tree ook weer in. Daar is 'n verwysing na die gesinkopeerde ritme wat in Seksie 3 verskyn het en hierdie gesinkopeerde ritme dra daartoe by om *Fanfare Festival Overture* se Westerse deel met die Afrika-deel te verbind.

Die Afrika-deel (Seksies 6-7) is uitsluitlik op Afrika-etniese elemente gebaseer, naamlik ostinaatpatrone, poliritmiek en 'n metrum met twaalf maatslae. Hierdie elemente verskaf 'n ware Afrika-gevoel aan die laaste deel van die werk. In beide Seksie 6 en Seksie 7 word daar na 'n prominente tema uit *Fanfare Festival Overture* se Westerse deel verwys: in Seksie 6 is daar 'n herintrede van die *centenary*-motief en in Seksie 7 kom die fanfare-motief weer voor.

Dit is dus duidelik dat Zaidel-Rudolph in die Westerse deel van die werk verwysings na Afrika-etniese ritmiese elemente gebruik en in die Afrika-deel prominente temas uit die Westerse deel gebruik om die twee dele met mekaar te verbind.

**Instrumentasie**

Die volgende gevolgtrekkings kan oor die instrumentasie van *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* gemaak word:

In Seksie 1 gebruik Grové die bongo-tromme en marimba om 'n Afrika-etniese kleur te bewerkstellig. Die orkestrasie in hierdie seksie is oor die algemeen redelik yl en daarom is die bongo-tromme en marimba se intredes opvallend.

Die belangrikste ritmiese motiewe in Seksie 2 word deur die blaasinstrumente gespeel. Grové ken aan elke ritmiese motief wat in Seksie 2 voorkom 'n blaasinstrument toe wat met daardie motief geassosieer word. Motief 3 word met die trompet geassosieer, die skuiftrompet kenmerk motief 4 se intredes, die klarinet word tydens elke intrede van motief 5 gebruik en wanneer motief 6 intree, is óf die fluit óf die trompet teenwoordig.

In die herhalende heksatoniese melodie (steeds in Seksie 2) word hoofsaaklik blaasinstrumente gebruik, maar dit is spesifiek die piccolo wat aan die heksatoniese melodie 'n Afrika-etniese klankkleur verleen.

In Seksie 3 verdeel Grové die roep-en-antwoord-idee duidelik tussen strykers en blasers. Verder word melodielyne wat Afrika-etniese elemente bevat weereens deur verskillende kombinasies blaasinstrumente gespeel. Dit is dus duidelik dat Grové verkies om belangrike motiwiese inhoud aan die blasers toe te ken.

Seksie 4 is op die Afrika-etniese roep-en-antwoord-beginsel gebaseer en die instrumentasie word weereens daarvolgens aangewend: die strykers stel die roep-gedeelte, terwyl die blasers daarop "antwoord".

Die bongo-tromme keer in Seksie 5 terug en is tot in die laaste maat van die werk aanwesig om te verseker dat *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* in 'n Afrika-etniese atmosfeer eindig.

Oor *Fanfare Festival Overture* se instrumentasie kan die volgende afleidings gemaak word:

In die Westerse deel van die werk (Seksie 1-5) is daar drie perkussie-instrumente met 'n Afrika-oorsprong wat gebruik word om die Westerse deel by die Afrika-deel te laat aansluit, naamlik die roto-toms, tom-toms en bongo-tromme. Zaidel-Rudolph ken die motiewe wat Afrika-etniese elemente bevat (fanfare-motief en *centenary*-motief) slegs aan blaasinstrumente toe, terwyl die heeltoontema wat Neo-Impressionisme verteenwoordig, deur verskeie kombinasies stryk- en blaasinstrumente gespeel word. Die Afrika-deel (Seksie 6-7) se opvallende Afrika-timbre word deur die roto-toms, tom-toms, koeiklok, cabasa en veral die marimba bewerkstellig. In Seksie 6 dra die fluit en piccolo by om 'n Afrika-etniese kleur in 'n herhalende, hipnotiese melodie daar te stel. Perkussie-instrumente soos die roto-toms, marimba en koeiklok is tot in die laaste maat teenwoordig en verseker dat die werk met 'n Afrika-etniese timbre eindig.

Die orkesbesetting vir beide *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* (Grové) en *Fanfare Festival Overture* (Zaidel-Rudolph) is vir 'n Westerse simfonie-orkes, maar in elke perkussie-afdeling kom instrumente met 'n Afrika-etniese oorsprong voor.

Die antwoord op die tweede sub-navorsingsvraag, naamlik wat is die ooreenkomste of verskille tussen hierdie twee werke ten opsigte van die gebruik van Afrika-etniese elemente, is dat Grové en Zaidel-Rudolph die aanwending van Afrika-etniese elemente in Westerse musiek op verskillende maniere benader. Wat struktuur betref, wend Grové Afrika-etniese struktuurelemente, soos byvoorbeeld die roep-en-antwoord-beginsel en die permutasie-tegniek, meer opvallend as Zaidel-Rudolph aan. Grové gebruik egter nie veel Afrika-etniese elemente in die ritmiese inhoud van *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* nie, terwyl die 12/8-metrum, ostinaatpatrone en poliritmiek in die Afrika-deel van Zaidel-Rudolph se *Fanfare Festival Overture* onmiddellik Afrika-etniese assosiasies bewerkstellig. Zaidel-Rudolph gebruik ook meer perkussie-instrumente met 'n Afrika-etniese oorsprong as Grové. Die enigste sterk ooreenkoms tussen *Dansrapsodie – 'n Afrika-stad* en *Fanfare Festival Overture* is ten opsigte van die melodie: albei komponiste gebruik 'n motief wat 'n mineur-terts-interval bevat en vir die grootste deel van die werk 'n dubbelsinnige tonaliteit bewerkstellig.

## 6.2 Voorstelle vir verdere navorsing

Daar is talle moontlikhede vir verdere navorsing oor Suid-Afrikaanse komponiste wat Afrika-etniese elemente in hul werke gebruik, insluitende die volgende:

- 'n Analitiese oorsig van Jeanne Zaidel-Rudolph se *Abantubomlambo* (*The River People*, *a ballet*) met spesifieke verwysing na die aanwending van Afrika-etniese elemente;
- 'n Analitiese oorsig van Stefans Grové se *Sonate op Afrika-motiewe* met spesifieke verwysing na die aanwending van Afrika-etniese elemente;
- 'n Analitiese oorsig van geselekteerde werke van Hans Roosenschoon met spesifieke verwysing na die aanwending van Afrika-etniese elemente;
- 'n Vergelykende studie tussen werke van Henk Temmingh en Hendrik Hofmeyr, ten opsigte van die aanwending van Afrika-etniese elemente;
- 'n Vergelykende studie tussen twee ander Suid-Afrikaanse komponiste, byvoorbeeld Arthur Wegelin en Hans Roosenschoon, ten opsigte van die aanwending van Afrika-etniese elemente.